Archives of Richard Crockett & Sailing Publications

Admiral's Cup:

www.sailing.co.za - editor@sailing.co.za

Geen Nuus van 20 Jagte

Van Ons Spesiale Verteenwoordiger

PLYMOUTH.

ONDANKS die feit dat twee verkenningsvliegtuie en 'n Britse vlootskip gister gebruik is om die posisies van die seiljagte in die Fastnet-wedvaart op te spoor, was daar gisteraand nog geen nuus van sowat 20 van die 43 jagte in die reeks om die Admiral's Cup nie.

Onder hulle was die kleinste Suid-Afrikaanse sloep in die wedvaart, Omuramba, en die Morning Cloud van die Britse eerste minister, mnr. Edward Heath.

Die vermoede bestaan dat die posisie van laasgenoemde wel bekend is, maar dat dit om veiligheidsredes nie verstrek is nie. Die rede is dat die jagte gisternag om die Fastnet-rots, aan die Ierse kus, sou draai, waar mnr. Heath glad nie gewild is nie.

Met die ter perse gaan was die Jakaranda met skipper Bruce Dalling nog onder die voorlopers, hoewel hy op voorgee heelwat swakker gevaar het. Hy is gistermiddag omstreeks twee-uur deur 'n verkenningsvliegtuig sowat 137 km van die Fastnet-rots opgespoor. In daardie stadium was hy 11 km wes effens agter Ragamuffin, 'n kleiner jag van Australië. Die Mercury was toe sowat 28 km agter die Jakaranda naby die klein Nederlandse sloepe Staron en Belita.

BELEMMER

Nederland het net vyf punte minder as Suid-Afrika, en het volgens sy jongste posisie 'n goeie kans om Suid-Afrika in te haal. Die jagte wat gister opgespoor is, was versprei oor 'n afstand van sowat 64 km tussen Land's End, aan die Engelse kus, en die Fastnet-rots.

Mis het die uitsig belemmer, terwyl 'n suidwestewind van sowat vyftien knoop gewaai het.

Om negentien minute voor ses het die eerste seiljag om die Fastnet-rots gedraai. Dit was die groot Amerikaanse sloep American Eagle, wat egter nie aan die Admiral's Cup-reeks deelneem nie. Om halfnege (Suid-Afrikaanse tyd) was daar nog geen teken van enige ander seiljagte nie. Die vermoede bestaan dat digte mis die taak van die mense in die uitkyktoring bemoeilik.

YANKEE GIRL

Die kanse is baie goed dat American Eagle die Fastnet-rekord van 3 dae 14 uur 42 minute, wat in 1956 opgestel is, kan verbeter as hy sy snelheid handhaaf. Die eerste seiljagte word vanaand in Plymouth verwag.

Volgens die posisies wat gisteraand bekend was, is verwag dat die Amerikaanse jag Yankee Girl, wat sy posisie ná 'n swak begin verbeter het, die Ragamuffin, en die Jakaranda kort ná die American Eagle om die rots sal draai.

As die wind van 15 knoop vandag voortduur, behoort die Jakaranda op die oorwaartse terugvaart van 322 km na Plymouth om die eiland Sorlinge sy posisie heelwat te verbeter omdat hy met die wind van agter een van die heel vinnigste jagte ter wêreld is.